**NUUSBRIEF – WP Ope 2014**

*Die 2014 WP ope is op 15 Maart op die plaas Waaihoek by Gerrie en Chantelle van Zyl gehou. Die pragtige natuurskoon van die omgewing en die onbaarsugtige hulp van die mense van die omgewing maak dit moeilik om op ander plekke `n skiet aan te bied.*




*Gedurende die week met die uitsit en opstel van die baan het ons gestoei teen `n fris suidooster wat ons laat wonder het of ons die baan voor die tyd opgestel sal kry. Saterdagoggend het ons egter begroet met een van die 2 windstil dae van die jaar in Waaihoek!*
*Die temperature het oor die 30 grade C gaan draai en die son was genadeloos.*
*Dit het die baan maklik laat lyk, maar gemeet aan die top 50 ranglys persentasies en die gemiddelde van die dag, het die top 10 skuts 0.25% minder geskiet as hulle jaargemiddeld.*
*Daar was 73 lede en 68 besoekers wat die dag bygewoon het en die doel van ons sport is weergegee in die tellings.*
*Die besoekers se gemiddelde telling was 436 of 48.4% van die wentelling en die lede se gemiddelde telling **639** of **71%**.*
*Dit bevorder dus jou skietvernuf as jy deel is van ons organisasie!!*

***Uitleg van die baan:***

| *Baan* | *Plek* | *Soort* | *Posisie* | *Hulpmiddel* | *Afstand* |
|---|---|---|---|---|---|
| *1* | *Berg* | *Gong* | *Staan* | *Bin met xbag voor* | *140 – 270 m* |
| *2* | *Dammetjie* | *Springbok* | *Sit* | *Sonder rus* | *110 m* |
| *3* | *Kloof* | *Gong* | *Lê* | *Langs trekkerband* | *200 – 280 m* |
| *4* | *Rantjie* | *Vlakvark* | *Sit* | *2 poot* | *200 m* |
| *5* | *Wal* | *Rooibok* | *Staan* | *Enkelstok* | *65 m* |
| *6* | *Vlakte* | *Blesbok* | *Enige posisie* | *3 poot* | *130 m* |



*Jacques Obermeyer het die dag gewen met `n algehele voltal van 900 met 20 v-kolle. Baie geluk Jacques!! Sy groeperings uit alle posisies was iets om te aanskou.*




*Jacques se groep op 60 meter uit die staan met `n enkelstok. Bietjie laag dalk Jacques!! Ons wil van die geleentheid gebruik maak om al ons borge te bedank. Geleenthede soos hierdie sal straks onmoontlik wees was dit nie vir die borge is nie.*

***Safari and Outdoor*** *het weereens opgetree as die hoofborg en ons voorsien van uitstekende pryse. Ook het ons 'n aantal ander borge gehad wat die dag vir ons moontlik gemaak het.*
*Ons noem graag al ons borge by naam.*

- ***Safari and Outdoor***
- ***Prima Bande***
- ***Meat Market***
- ***Shoprite***
- ***Ben Lomnitz and Associates***
- ***Affluence Financial Solutions***
- ***Momentum Boland***
- ***Freddy Hirsch***
- ***Quenets jag en hengel***
- ***Gerrie van Zyl***
- ***Marthinus Griesel***




Dankie Safari en Outdoor!!

***<u>Spanskiet</u>***

*Ons het die spanskiet van 2013 probeer uitbou en weer aangebied maar die keer die spanskiet in 'n voorgee (Handicap) formaat aangebied. Ons denke agter dit is om die gemiddelde skut 'n kans te bied om ook pryse te ontvang en om spangees te bevorder in hierdie skiet dissipliene. Die feit dat die punte bereken word op voorgee basis en dat daar in spanne geskiet word maak die speelveld totaal gelyk. Hier kan 'n span van gemiddelde skuts nou die dag wen as hulle op die dag goed skiet. Hulle kan selfs meer as 100% kry vir die dag se skiet waar 'n soortgelyke telling vir die top skuts bykans onmoontlik is.*
*Die spanskiet bring `n nuwe dimensie aan die lekkerte van die dag en ons het selfs die moeilikste manne sover gekry om deel te neem.*
*Wat lekker is, is lekker!!*

*Die uitslae is as volg:*

SA JAGGEWEERSKIETVERENIGING
HUNTING RIFLE SHOOTING ASSOCIATION

## WP Ope 2014 Team Challenge

| Team | Total Gong Challenge | Overall Team | Gong Challenge Rank | Overall Team rank |
|---|---|---|---|---|
| 6mm | 1 088 | 3 275 | 3 | 3 |
| Affluence | 858 | 2 735 | 6 | 5 |
| Granaat Span | 378 | 1 260 | 8 | 9 |
| Groen | 986 | 2 716 | 5 | 6 |
| Plaas Span | 168 | 1 393 | 9 | 8 |
| Spekskieters | 848 | 2 565 | 7 | 7 |
| Swarovski's | 1 243 | 3 279 | 1 | 2 |
| Viper | 1 035 | 2 753 | 4 | 4 |
| Wynboer biebers | 1 095 | 3 644 | 2 | 1 |

| Position | Prize | Prize |
|---|---|---|
| 1 | 4 x R500 Supa Quick Voichers | R4,000 Cash |
| 2 | 4 x R250 Supa Quick Voichers | R2,000 Cash |
| 3 | No prize | R1,000 Cash |

**Dankie aan ons Borge**

**Worcester**

**Boland**




*Die Supa Quick baan, Baie dankie Wynand!!*





Hulle het ook Momentum aan die skiet gegee. Dankie manne.

***Prysuitdeling en ete***

*Na `n lekker ete aangebied deur Shoprite meat markets het die groot gewag begin vir die prysuitdeling.*

*Weens `n verskeidenheid van haakplekke is die prysuitdeling maar laat gehou, maar die “**gees”** was op daardie stadium baie goed. Willem Steenkamp het hom uitstekend van sy taak gekwyt en dit het hard praat gekos om die “gees” bietjie te demp en darem `n woordjie in te kry. Aan almal wat vroeer moes gaan, die organiseerders sal sorg dat julle pryse by julle uitkom.*



*Agt van die top 10*

*Daar was goeie verteenwoordiging van Juniors en penkoppe. Hulle is die toekoms en dis mooi om hulle erns en toewyding te aanskou. [hulle skiet ook sommer kringe om die groot manne!!] die juniors en pekoppe saam se gemiddelde telling was 535 of 59,4% van die wentelling!*



*Top 3 Juniors*



*Top 3 penkoppe*

***Uitslae***

| | Pos | Surname | Name | Initials | Pro-vince | Class | Next Shoot Status | Totaal /900 902 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Gold | 1 | Obermeyer | Jacques | JW | BOL | Men | Gold | 902.0 |
| | 2 | Steenkamp | Willem | W | BOL | Men | Gold | 890.9 |
| | 3 | Maritz | Carel | CJ | WC | Men | Gold | 871.4 |
| Silver | 1 | Olivier | Philip | PJW | BOL | Veteran o60 | Silver | 886.3 |
| | 2 | Joubert | Wim | CW | BOL | Senior 50-59 | Silver | 841.0 |
| | 3 | Young | Morné | M | SC | Men | Silver | 765.9 |
| Bronze | 1 | Moolman | Manus | HP | WC | Penkop u13 | Bronze | 806.2 |
| | 2 | Matthee | John | JM | WC | Men | Bronze | 791.3 |
| | 3 | Sykes | Greg | G | WC | Men | Bronze | 766.2 |
| Penkoppe | 1 | Moolman | Manus | HP | WC | Penkop u13 | Bronze | 806.2 |
| | 2 | Moolman | Johannes | JW | WC | Penkop u13 | Silver | 741.5 |
| | 3 | Kotze | Louis | ML | WC | Penkop u13 | NonMem | 535.0 |
| Juniors | 1 | Obermeyer | Danie | DJ | BOL | Junior u16 | Gold | 690.9 |
| | 2 | Kotze | Hofmeyer | JHH | WC | Junior u16 | NonMem | 600.0 |
| | 3 | Viljoen | Anje | A | BOL | Junior u16 | NonMem | 460.5 |
| Ladies | 1 | Van Zyl | Nellian | N | WC | Ladies | Silver | 731.3 |
| | 2 | Butler | Anita | A | FS | Ladies | Silver | 565.2 |
| | 3 | Volschenk | Marlize | M | WC | Ladies | Silver | 560.6 |
| Seniors | 1 | Viljoen | Arnold | TA | BOL | Senior 50-59 | Gold | 871.0 |
| | 2 | Joubert | Wim | CW | BOL | Senior 50-59 | Silver | 841.0 |
| | 3 | Prins | Corrie | CA | BOL | Senior 50-59 | Gold | 816.4 |
| Veterans | 1 | Olivier | Philip | PJW | BOL | Veteran o60 | Silver | 886.3 |
| | 2 | Bellingan | Boertjie | J | WC | Veteran o60 | Bronze | 751.1 |
| | 3 | Du Toit | Henri | H | WC | Veteran o60 | Bronze | 680.7 |
| Non-Mem | 1 | de Villiers | Tersius | TF | WC | Men | NonMem | 871.0 |
| | 2 | Els | Wynand | W | WC | Men | NonMem | 790.4 |
| | 3 | Vivier | Jaco | GJ | SC | Men | NonMem | 721.1 |
| Overall | 1 | Obermeyer | Jacques | JW | BOL | Men | Gold | 902.0 |
| | 2 | Steenkamp | Willem | W | BOL | Men | Gold | 890.9 |
| | 3 | Olivier | Philip | PJW | BOL | Veteran o60 | Silver | 886.3 |
| | 4 | Maritz | Carel | CJ | WC | Men | Gold | 871.4 |
| | 5 | de Villiers | Tersius | TF | WC | Men | NonMem | 871.0 |
| | 6 | Viljoen | Arnold | TA | BOL | Senior 50-59 | Gold | 871.0 |
| | 7 | Joubert | Wim | CW | BOL | Senior 50-59 | Silver | 841.0 |
| | 8 | Butler | Louis | L | FS | Men | Gold | 836.5 |
| | 9 | Prins | Corrie | CA | BOL | Senior 50-59 | Gold | 816.4 |
| | 10 | Van Niekerk | Johannes | JC | WC | Men | Gold | 811.2 |



*Senior wenner – Arnold Viljoen*




*Dames wenner – Nellian van Zyl*



*Veteraan wenner – Philip Olivier*




*Springbokkies oor die dam*



*Ek wonder wat maak sy vanaand!!*



*Man, ek het net sover gemis, daai damn scope!!*



*Die baas van die plaas – Gerrie van Zyl*



*Marthinus "Yster" Griesel*



*Shut up!! Die prysuitdeling kom nou nou!!!*

*Baie dankie aan almal wat deel was van die lekker dag.*
*`n spesiale dank aan die baanoffisiere, sonder julle is die dag nie moontlik nie!!*

*Groete*
***Die WP JSV Span***